

Voeding van jong lammers, waarom is dit so belangrik?

(Jan Louis Venter, NWKV Produksie Adviseur: Vrystaat)

Sel: 083-650 1131; Epos: jlventer@intekom.co.za

Lakterende ooie op 'n hoë voedingspeil se melkproduksie sal 'n piek bereik teen ongeveer 4 weke na lam. Hierna neem melkproduksie progressief afneem. Wanneer ooie hulle piek melkproduksie bereik neem die lam se voedings behoeftes vinnig toe. Tydens hierdie periode groei die lammers teen hulle maksimum genetiese potensiaal (350-400g/dag). Hoe jonger die lam is hoe doeltreffender kan hy melk en/of voer omsit in liggaamsmassa. Om dus hoër winste te genereer moet skaap produsente hierdie uitstekende voeromsettingsvermoë van jong groeiende lammers maksimaal benut.

Tabel 1: Invloed van ouderdom op die voeromsettings doeltreffendheid (kg voer ingeneem per kg massatoename van lammers (Vosloo, 1982)

Ouderdom (dae)	Massa (kg)	Voeromset
0-42	4.5 – 15	1.0:1
42-60	15 – 20	3.0:1
60-80	20 - 25	3.5:1
80-100	25 – 30	4.0:1
100-120	30 – 35	4.5:1
120-140	35 – 40	5.0:1
140-160	40 - 45	5.5:1

Wat kan gedoen word om hierdie goeie voeromsetting vermoë te benut?

Op ongeveer vier tot ses weke ouderdom kan tot die helfte van die lam se voedingsbehoefte deur ander voerbronne (weiding en/of kruipvoer) aangevul word terwys melk aan die res van die behoeftes voldoen. Nadat die ooi haar piekmelkproduksie bereik het, neem haar melkproduksie af en gevolglik ook die lam se groei weens 'n tekort aan noodsaaklike voedingstowwe. Lammers eet baie min vastekos voor 3 weke ouderdom. Die tekort aan noodsaaklike voedingstowwe kan ook nie deur die weiding alleen voorsien word nie. Die kombinasie van hoë voginhoud en lae deurvloei proteïeninhoud van groenweiding en die lae inname daarvan deur die jong lam het tot gevolg dat die lam nie al die ontbrekende voedingstowwe vanaf die weiding kan aanvul nie.

Die twee hoof faktore wat die groei van sogende lammers op weiding beperk is rumenkapasiteit van die lam en die onvermoë van die lam se rumen om weiding met 'n hoë vog inhoud te benut. Lammers kan al so jonk as 3 weke alreeds beduidende hoeveelhede vastekos inneem. Groen weiding alleen kan nie aan die behoefte van die lam voldoen nie aangesien dit groot hoeveelhede vog bevat. Die voer van goeie gehalte kruipvoeding kan aan hierdie addisionele behoefte van die lam voorsien.

Ooilammers wat gedurende die eerste paar maande onde voedingstremming verkeer sal 'n laer ovulasietempo hê en minder lammers oor hulle leeftyd produseer teenoor oilammers wat goeie voeding ontvang het. Die omsetting van kruipvoer na vleis in die geval van 'n vroeggespeende lam is baie meer doeltreffend as die dubbele omsetting (gras na melk na vleis) in die geval van die sogende lam. Gedurende laktasie is die ooi se voeding behoeftes ook baie hoër as haar onderhoudsbehoefte. Dit is dus meer koste-doeltreffend om lammers kruipvoer te voer sodat hulle vroeër gespeen kan word.

Wat is die voordele van hierdie addisionele voeding?

- Lammers sal beter groei en dus vroeër gespeen en bemark kan word
- Speenskok sal tot 'n minimum beperk word
- Lammers kan tot 50 dae vroeër bemark word
- Lammers kan direk van die ooie bemark word op drie of vier maande ouderdom waar hulle gewoonlik 120 dae gespeen word en dan later bemark word
- Ooie het langer herstel kans om weer hulle liggaamsmassa te bereik
- Lammers is baie doeltreffende voeromsetters d.w.s. hulle benut voer meer effektief
- Lammers groei beter in die voerkraal aangesien hulle gewoond is aan die tipe voeding en geen gewigsverlies word by sulke lammers ondervind

Wanneer moet met kruipvoeding begin word?

Begin met kruipvoer so gou moontlik na lam gewoonlik so 10 -14 dae na die eerste ooie gelam het. Dit help dat die lam die hokkie leer ken en sal dan stadig aan leer om kruipvoer te vreet. Hoe gouer die lam daaraan bloedgestel word hoe gouer sal hy leer om droë voer te vreet. Aanvanklik sal die inname laag wees maar sal spoedig toeneem soos die lammers groter word.

Is dit koste effektief?

Ja, beslis want vir elke rand wat aan kruipvoeding spandeer word maak die produsent tussen R2.00 tot R 3.00. Die waarde van kruipvoeding maak dit die beste belegging wat jy in jou skaapboerdery kan maak.

Erkenning

Die skrywer wil graag Dr Jasper Coetzee bedank vir die beskikbaarstelling van sy kursusmateriaal getiteld "Nuttste Skaapboerdery – Praktyke vir maksimum winsgenerering" wat as basis gebruik is vir die skryf van die artikel.



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.